Les 20: Opsomming

Bybel Storie gedeelte: Galasieërs 5:22
Die vrugte van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid (sagmoedig), en selfbeheersing

Ons Boodskap vir vandag:
Ek hoop julle het dit geniet om die 9 vrugte van die Gees met stories uit die Bybel te leer! Kan julle al 9 vrugte se name vir my opsê?

Ons skriffie vir die dag: Galasieërs 5:22
Die vrugte van die Gees is: liefde, blydskap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid (sagmoedig), en selfbeheersing

Bykomende agtergrond skriffies:
Joh 15:1-5 & 8 Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra. Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees.

Joh 15:16 Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee

LUKAS 6:43-45 Want dit is nie 'n goeie boom wat slegte vrugte dra nie, en ook nie 'n slegte boom wat goeie vrugte dra nie. Want elke boom word geken aan sy eie vrugte. Van dorings pluk 'n mens tog nie vye nie, en 'n mens sny ook nie druiwe van 'n doringbos nie. Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond.

MATTHEUS 3:10 Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

Gebed:
Liewe Jesus
Help my asseblief om my liggie te laat skyn,
dat almal kan sien dat ek die Vrugte
van die Gees in my lewe het.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleurpotlode. Boontjiepit of mieliepit, 2 stukkies watte, piering of plastiek houertjie

Hulpmiddels: Hou 'n bespreking oor die jaar se lessies: Het hulle iets geleer? Wat was hulle gunsteling storie? Verstaan hulle hoe om die Vrugte van die Gees in hulle elke dag se lewe toe te pas, sodat hulle geestelik kan groei soos die boontjie?

Taak: Illustreer hoe vinnig die boontjiepit sal ontkiem en groei as dit elke dag genoeg lig en water kry, en wat se plesier dit vir ons verskaf. Net so verskaf dit plesier aan Liewe Jesus as Hy ons so sien ontwikkel en groei.

Plant 'n boontjie:
Vat 'n piering of houer. Sit 'n lagie watte neer op die piering. Sit 3 (of meer) boontjiepitte op die watte. Bedek die boontjiepitte met watte om dit te beskerm. Giet nou genoeg water oor die watte, om alles nat te maak. Sit dit in 'n vensterbank waar daar genoegsame lig is. Jy sal elke dag 'n bietjie water moet gee. Lig die watte op om te sien hoe vorder die ontkiemingsproses. Sodra die plantjie groot genoeg is, kan jy dit in die grond gaan plant in 'n groentetuin!




Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

Oor die skrywer:

Van kleins af was ek lief vir die Bybel, en al die stories daarin. Nodeloos om te sê dat Sondagskool my gunsteling tyd van die week was!

Alhoewel my ouers elke Sondag kerk toe gegaan het om my Sondagskool toe te bring, het hulle werklik eers kragdadig tot bekering gekom toe ek 9 jaar oud was. Die Here het hulle toe na 'n ander kerk gelei, waar die Heilige Gees gewerk het, en 'n mens geestelik kon groei. Ek kon natuurlik op daardie ouderdom dit nie verstaan nie, en was mal oor my huidige Sondagskool. My ouers het my toe vir die volgende 2 maande elke Sondag by ons ou kerk gaan aflaai, dan hulle nuwe kerk bygewoon, en my weer na Sondagskool kom oplaai.

Een Sondag, op pad kerk toe, vra my pa my of ek nie maar net die nuwe kerk wil kom probeer nie. Hulle het ook 'n Sondagskool, en hy is seker ek sal baie gelukkig daar wees. Ek wou nie maklik ingee nie, maar my pa het my toe belowe dat as ek die nuwe Sondagskool net een kans gee, en nie daarvan hou nie, hy my vir altyd sal aanry na my ou Sondagskool toe, en my nooit weer vra om na hulle kerk s'n toe te kom nie. Dit het nie te sleg geklink nie, en al was ek 'n kind, het ek van onderhandeling verstaan, en een keer sal my nie doodmaak nie, solank my pa my net weer sal terug vat na die ou Sondagskool toe.

Daardie volgende Sondag gaan ek toe onder protes saam met hulle na die nuwe kerk, en nuwe Sondagskool toe. Bietjie tranerig, nie lus vir die nuwe mense nie, en seker ek gaan volgende Sondag by my ou klassie terug wees. Min het ek geweet dat ek daardie dag 'n werklike ontmoeting met die Here sou hê, en vir die eerste keer in my lewe die krag van die Heilige Gees ervaar. Dit iwas 'n Sondagskoollessie wat ek na 30 jaar nog nie vergeet het nie.

Die Sondagskool juffrou het 2 groot harte uit materiaal gemaak, een swart, en een wit. Die wit hart het sy met veertjies gevul, en die swart hart met klippe. So het sy die konsep van sonde, belydenis, en vergifnis aan ons verduidelik. Soos 'n mens sonde bely, haal sy elke keer 'n klippie uit die swart hart, en voeg 'n veertjie by die wit hart. So 'n eenvoudige konsep, maar 'n hele nuwe wêreld het vir my daar oopgegaan.

Natuurlik is ek toe nooit weer terug na my ou Sondagskool nie. Ek kon nie wag om die volgende Sondag weer na my nuwe Sondagskool toe te gaan nie, en so was dit regdeur my hele skoolloopbaan.

As een Sondagskoolles so impak op iemand se lewe kan hê, kan jy jou voorstel wat 'n jaar kan doen? En dit net deurdat 'n Sondagskooljuffrou haar taak ernstig opgeneem het, deeglik voorberei het, en met passie iets uit die Bybel met ons kon deel.

Om hierdie rede wil ek vandag hierdie lessies ook met almal deel. Al het ek elke lessie opgestel en geillustreer, het ek baie staaltjies, kuns projekkies, en lesse wat ek deur die jare by ander mense gekry of geleer het, geïnkorporeer in hierdie lesse. Dit het so groot indruk op my gemaak, en ek wil nie hê dat daardie lessies verlore moet gaan nie. Ek sal graag vir almal krediet wou gee, maar meestal kan ek nie onthou waar ek dit gehoor het, of die papier wat ek het, het nie 'n naam by nie. Ek hoop van harte dat daardie mense gesëend sal wees.

Mag julle, en die kinders dieselfde sëen uit hierdie lessies kry, as wat ek as kind gekry het.

Baie sterkte.

Mag die Here julle seën.

Annemie

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.